GUSTAV ZITTLAU

~ God Bless His Soul ~

Cape-Orange Diocese (ELCSA)

www.elcsacod.co.za

Full Names	**Gustav Johann Zittlau**

The following synopsis was retrieved from a book titled *"The Berlin Missionaries in South Africa and their Descendants"* (1984).

Gustav Johann, * Pestigo, VSA 11.2.1905, s.v. Friedrich Zittlau en Christine Hipke, x Kaapstad 31.10.1933, Carola Martha ZIMMMERMANN, * Berlyn, Duitsland 13.12.1909, tegnies-mediese assistent, d.v. Friedrich Carl Zimmermann en Bronislawa Olesnjewisc.

Gustav ontvang sy hoërskoolopleiding op Graudenz, Wes-Pruise, Duitsland. Hy studeer in teologie in Berlyn, werk dan as proponent in Pommere en doen dan evangelisasiewerk onder die jeug in Posen en Wes-Pruise. In September 1931 word Gustav deur die Lutherse Kerk in Brandenburg na Suid-Afrika gestuur om die Duitssprekende gemeentes in Kimberley en Noord-Kaapland te bedien. Toe hy Afrikaans magtig was, het hy ook die Kleurlinggemeentes in Kimberley en omgewing in diens van die Berlynse Sendinggenootskap bedien. In 1948 is Gustav aangestel as moderator van die Lutherse Oranje Sinode (Sending), wat die Oranje-Vrystaat, Noord-Kaapland en die suidelike gedeelte van Botswana ingesluit het. Op 3 Oktober 1963 het die Kaap- en Oranje-sinodes verenig tot die Evangelies-Lutherse Kerk, Kaap-Oranje-streek en Gustav word verkies tot biskop (hoof) van dié streek. Vanuit Kimberley is Gustav werksaam as biskop tot sy aftrede in 1974, waarna hy hom in Potchefstroom vestig.

b1 Erika Adelheid, * Kimberley 9.11.1934, bibliotekaresse en onderwyseres, x Kimberley 27.6.1960, Ockert GEYSER, * Kaapstad 30.5.1932, professor in Geskiedenis verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, s.v. Stefanus Johannes Geyser en Dorothea Meyer.

[c1] Karin GEYSER, * Grahamstad 13.10.1962.

[c2] Thea GEYSER, * Durban 22.2.1964.

[c3] Stefan GEYSER, * Port Elizabeth 25.10.1966.

[c4] Astrid GEYSER, * Johannesburg 24.6.1968.

b2 Erwin Wolfgang, * Kimberley 27.9.1936, mediese dokter, x Pretoria 30.12.1961, Silvia Maud VAN DER MERWE, * Klerksdorp 9.5.1940, verpleegster, d.v. Paulus Jacobus van der Merwe en Francois Petrus van der Merwe.

c1 Amanda Heidi, * Bothaville 21.8.1962.

c2 Werner Gustav, * Johannesburg 23.5.1965.

c3 Hanneli Ingrid, * Johannesburg 19.3.1967.

c4 Ferdinand Ernst, * Johannesburg 19.3.1967.

b3 Helga Irmgard, * Kimberley 21.4.1938, onderwyseres, x Kimberley 13.12.1965, Walter BARNARD, * George 1.2.1935, voorligtingsbeampte in Sielkunde, s.v. John Frederick Barnard en Mabel Francis (Barnard).

[c1] Gustav Johannes BARNARD, * 16.8.1970.

[c2] Carola Martha BARNARD, * 17.8.1971.

[c3] Hildegard BARNARD, * 11.12.1978.

b4 Helmut Ernst, * Kimberley 29.7.1939, landboukundige, x Bloemfontein 28.5.1966, Phyllis VAN DER WALT, * Bloemfontein 17.8.1943, bankbeampte, d.v. Jan Harm van der Walt en Mimmie Potgieter.

c1 Heinrich Gustav, * Bloemfontein 5.9.1967.

c2 Tania, * Bloemfontein 22.7.1971.